Die Voortrekkers

23 November 2018

Beste voortrekkervriende,

Die somer is warm en die Desembervakansie wink.

1. Transvaal Pastorale Raadgewer
Willem Boshoff
082 890 2644

Skenk ons `n helder Somerkersfees in hierdie land, o Heer! (Koos du Plessis)

Teen hierdie tyd van die jaar het die meeste gewone Voortrekkeraktiwiteite afgesluit. Die meeste Voortrekker energie gaan nou in beplanning vir 2019 en verslagdoening oor 2018 in. Dit is `n baie goeie ding dat ons jaarliks vir `n rukkie kan stilhou om die jaar en alles wat ons gedoen het, in oënskou te neem.

Baie vrae kan nou, met die voordeel van `n bietjie rustigheid, gevra word. Wat het gewerk? Wat het nie gewerk nie? Wat moet ons anders doen? Watter nuwe dinge kan ons probeer? Hoe verander die wêreld waarin ons leef?

Ek dink egter dit is belangriker om nou regtig te rus en om te fokus op die dinge waarop dit werklik aankom. Die lang somervakansie hou vir ons in Suid-Afrika die belofte van Kersfees in. Elkeen wat al met die Verkennerspesialisasie “Kerkjaar” te doen gehad het, sal weet die laaste vier weke voor Kersfees is Advent – vier Sondae waarop ons as geloofsgemeenskap dink aan die naderende viering van die geboorte van Jesus. Daar is huise waar die deurtjies van Adventskalenders dag vir dag oopgemaak word, of waar `n Adventskrans aan die voordeur opgehang word. Dit kom dikwels uit die Duitse Kerstradisie. Ander gesinne behang hulle huise of tuine met Kersfeesliggies om Kersfeestonele uit te beeld of dit net mooi te maak. Liggiefeeste het `n wonderlike aantrekkingskrag en kinderhuise in verskillende dorpe maak daarvan `n aanskoulike fondsinsamelingsgeleentheid. Dit vloei voort uit onder meer die Amerikaanse Kerstradisie.

Francis Baard str. 990 (Ou Schoeman straat)
Posbus 12924
Hatfield
0028
012 430 3914 (Kantoor)
086 613 9934 (Faks)

transvaal@voortrekkers.org.za
(Finansies, Terreine, Verkenner- en Volwasse sake SAS, PD sake en Bemarking)
admin@voortrekkers.org.za
(Administrasie, Webblaaie, Kennisgewings en SAS,)

https://transvaal.voortrekkers.co.za
www.transvaal.voortrekkers.org.za
www.houkoers.co.za
Twitter: @twittvlvt
Instagram: tvl.vtks

Gebiedsleier: Zandra Machin
Adjunkgebiedsleiers: Elsa Schnetler, Anita Bezuidenhout, Anine Wheeler, Jaco van der Walt, Dirk van den Berg, Riaan du Preez

Koos du Plessis het in sy lied “Somerkersfees” iets van ons eie Kerstradisie verwoord. Kersfees word by ons in die middel van die Somer gevier. Hier is min plek, behalwe in ons verbeelding, vir `n bebaarde Kersvader in `n dik rooi jas op `n slee, getrek deur takbokke. Soos Laurika Rauch in `n liedjie vra: “Bly hy (dit is kersvader) in Jeffreysbaai…?” Die wintersbeelde oor Kersfees wil maar net nie in ons versengende somerklimaat werk nie en daarom moet ons dit anders vier.

Die belangrikste van die viering is egter dat ons die woorde van die engel wat Lukas opgeteken het, ter harte neem, want hy bring `n evangelie – `n blye boodskap:

> “*Moenie bang wees nie, want kyk, ek bring vir julle `n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk bestem is. Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here.*” (Lukas 2:10-11).

Advent verwoord verwagting, Kersfees self is die Christusfees – `n goeie tyding van groot blydskap! Laat ons die vreugde deel waar ons ookal vanjaar Kersfees vier, maar begin daarmee in jou eie lewe en jou eie huis. Van daar af kan die lig helder verder skyn en lig bring aan ander wat (dalk) nog in duisternis leef.

In die laaste vers van Somerkersfees het Jannie du Toit die refrein `n klein bietjie verander, sodat ons in hierdie dae saam kan sing:

> *Christus kom, Christus kom!*
> *Gee aan God die eer.*
> *Skenk ons `n helder Somerkersfees, in hierdie land, o Heer!*

Mag dit waar wees in jou lewe, waar jy ookal vanjaar die Kerstyd deurbring.

2. Gebiedsleier
(Sirkel – Skakel)

Die 2018 voortrekkerjaar was opwindend en vol hoogtepunte. Die pad was nie sonder uitdagings nie, maar elke uitdaging is aangepak en oorkom en almal kon die pad meer verryk vorentoe stap.

Ons het saam gebou aan die voortrekker kultuurgrense, loopbaanplanne, spesialisasies, en nog vele meer om voortrekker-wees vir ons jeuglede op grondvlak te herbevestig. Hierdie taak is steeds ons grootste droom vir ons jeuglede en daarom gaan ons in 2019 voort om saam aan hierdie droom te bou.

Ons loop saam die pad verder om ‘n verskil te maak in ons voortrekkerjeug, maar ons bou ook aan ons doom in 2019.

Gebruik die volgende paar weke om te rus, ontspan en diep asem te haal. Gebruik ook die tyd om te droom oor 2019,

> **Dink** – aan dit wat jy met jou span, kommando, kamp ens wil bereik;
> **Reik uit** – na die mense rondom jou;
> **Onthou** – die lesse geleer uit die verlede;
> **Ontgin** – nuwe vaardighede, kennis en avontuurlike aktiwiteite;
> **Motiveer** – mekaar om moue op te rol en oor te gaan tot aksie.

3. Administrasie
(Stadige verkeer)

3.1 Verstaan die onderskeid tussen Graadwiel en Diensjare

Terminologie is belangrik veral as mens die verskil tussen ‘n diensjaar (skei) en Graadwiel wil verstaan. SAS het die beter beskrywende term. Betaling van ledegelde word direk gekoppel aan lidmaatskap. Nie alleen in Die Voortrekkers nie, maar ook organisasies soos die FAK en Dameskring.

Op SAS (Bestuur / Lede en Kontakte / Ledelys) verwys die L1 / L3 / L5 blokkie tussen die naam en die lidmaatskaptipe na die volgende:

Lidmaatskap = Lidmaatskapjare = Jare ingeskryf by Die Voortrekkers

Hierdie inskrywing mag net ingereken en behou word, indien die lid se jaargelde betaal is.

Neem asseblief die Reglement in aanmerking. In Hoofstuk 11 word uitdruklik genoem in par. 2.4: “*'n Lid van Die Voortrekkers word slegs vereer indien hy/sy geregistreer is en sy/haar ledegeld betaal is*”.

Die Reglement bepaal verder die volgende ten opsigte van Diensjaar in Hoofstuk 10, par. 2.2.2: “*Die kombinasie van 'n voorjuk en jukskeie dui die getal getroue diensjare aan wat 'n lid voltooi het”.*

Dit is hier waar die dubbelsinnigheid / verwarring inkom: Betrokkenheid & dienslewering word erken & aangedui deur die ABC toekenning.

Tvl GKAdmin is van mening dat die woord “diensjare” soos daarna verwys in die reglemente, eintlik vervang moet word met lidmaatskapjare of dat Die Voortrekkers wat lidjare (hoeveelheid jare geregistreer & betaal), afsonderlik van betrokkenheid en / diensbaarheid wil evalueer / erken... Hul ABC toekennings die laasgenoemde laat weerspieël. Hierdie kwessie sal in 2019 na NKOrg en hoofbestuur geneem word vir bespreking.

Die woord Graadwiel dui aan op werk of die vereiste werk wat afgehandel is. Die Reglement in Hoofstuk 10, par. 3.1.1 meld die volgende: “*die toekenning word aan die einde van die jaar deur ‘n kommandobestuur gemaak nadat die kommandobestuur van oordeel is dat die betrokke jaar se graadwielwerk suksesvol afgehandel is, behalwe in die geval van die Graad sewe (7) graadwiel (dagbreek) wat voor die Voorslagkamp toegeken moet word* ”.

Die ABC punte dui op ‘n lid se betrokkenheid of dienslewering en word in die Reglemente in Hoofstuk 10, par 5.1.2 word as volg uitgelê:” *‘n Lid verwerf punte deur die aktiwiteite soos in artikel 5.2 en 5.3 by te woon of aan te bied. Indien ‘n lid slegs ‘n gedeelte van ‘n aktiwiteit bywoon kan hy of sy nie noodwendig in aanmerking kom vir die betrokke punt nie*”.

SAS hou wel die totale telling van die jaar en ook vorige jare by en kan dit by die Voortrekkerkommando se erkenningsaand gebruik word om die aktiefste lid per span of meeste groei te vereer.

Laastens moet kennis geneem word van die Reglement se Hoofstuk 26, par. 6.11.1: “*Kentekens vir getroue diens – “Vir die eerste 4 jaar van getroue diens as Die Voortrekker word vir elke jaar ‘n skei toegeken volgens die amptelike kleurkode van ‘n oranje skei vir die eerste jaar tot ‘n rooi skei vir die vierde jaar. Die skei word met die kerwe na bo gedra*”.

3.2 SAS

Kommando en oorddagbesture word versoek om seker te maak dat alle lede se korrekte inligting op SAS opgedateer is. Die korrekte inligting aangaande betaling en toegangsregte word vereis deur die ouditeure wanneer finansiële oudit van ons voortrekker gelde gedoen word.

Ons is tans besig om alle kommando's se SAS inligting te kontroleer. Daar is kommando's genader om te help met hierdie proses in hulle eie kommando's.

Alle organiseerders van GGA, GGN en gebiedskampe moet asseblief toesien dat alle inligting (inskrywings en bywonings) van spesialisies korrek op SAS gelaai word. Daarna moet 'n naamlys na die gebiedskantoor gestuur word vir goedkeuring van die spesialisasies.

3.3 Kommandojaarverslae

Dit is weer tyd vir die indiening van die jaarlikse kommandojaarverslae. Die kommandojaarverslae is deur NKOrg opgestel op 'n Google vorm. Die elektroniese 2018 kommandojaarverslae moet op 10 Januarie 2019 ingehandig word by die betrokke oorddagbestuur met 'n afskrif na die gebiedskantoor te admin@voortrekkers.org.za.

Maak asb seker dat jy die volgende inligting het, alvorens jy begin om die vorm te voltooi:

1. Algemene kommando inligting

AKL Admin. of gemagtigde persoon wie die vorm voltooi, se naam en e-pos adres;

a) Maak keuse rondom die **Gebied; Oord** en **Kommando**
b) **Adres van Kommando** (Vul in, straatadres)
c) **Kommandodagbestuur** - Die naam en van asook die kontakbesonderhede(selfoon nommer / landlyn en e-pos adres van ten minste die KL, AKL Admin en AKL Finansies.
d) **Dagbestuursvergaderings** - Dui die datum, plek, % Bywoning en notule nommers aan.
e) **Bestuursvergaderings** - Dui die datum, plek, % Bywoning en notule nommers aan.
f) **Ander Vergaderings** - Dui die datum van die Algemene Jaarvergadering aan. Noem ander vergaderings gehou buite Voortrekker verband (bv. met skool om jaarprogram te bespreek) Gee datum, met wie vergader en kort beskrywing.

2. Funksionering

a) **Kommando-Aktiwiteite** - Noem 3-5 Hoogtepunte/suksesse van die jaar se aktiwiteite in prioriteitsorde. (Datum; Plek; % Bywoning en kort beskrywing van aktiwiteit)
b) **Gebieds- en Oord Aktiwiteite Deelgeneem/Ondersteun** – Noem tot hoogstens 10 aktiwiteite (Datum; Plek; Kort beskrywing en aantal mense bygewoon).
c) **Aktiwiteite in die Gemeenskap** – Noem tot hoogstens oor 3 aktiwiteite (Datum; Plek; Kort Beskrywing; Opkoms (Kan verbeter/Goed/Bo Verwagting Goed))
d) **Probleme/Struikelblokke** – Noem probleme/struikelblokke waarvan die volgende bestuursvlak moet kennis neet.

3. Toekennings

Besondere Toekennings Buite Voortrekker verband verwerf deur voortrekkerlede.

Gedeeltes waar die beskrywing van die vraag met ";" geskei word, moet volledige inligting deurgegee word en ook met 'n ";" geskei word. Indien daar geen was, voltooi net "Geen"

Inligting verlang: Toekenning; Beskrywing van Toekenning; Persoon aan wie Toegeken.

4. Finansies

Bankrekeninge se besonderhede bv. bankrekening naam en nommer.

5. Bylae en SAS

Kliek die toepaslike blokkie ter bevestiging dat die bylae (Jaarprogram 2018, Jaarprogram 2019, Finansiële State 2018 en bateregister 2018) aan die gebiedskantoor en oorddagbestuur gestuur is.

Bevestiging dat die volgende inligting korrek is op SAS: Samestelling van die Bestuur (met posisies korrek aangedui), voedingskole in omgewing en ledestatistiek. Indien dit nie korrek is nie, moet die inligting in aparte bylae deurgestuur word.

6. Bevestiging/Verklaring

Bevestiging dat AKL Admin of persoon wie verslag voltooi gemagtig is om die jaarverslag namens die kommando in te vul, dat alle inligting korrek is ten beste van vermoë en dat alle bylae binne die sluitingstyd vir die indiening daarvan aangestuur sal word.

Jy kan elke voltooide bladsy van die kommandojaarverslag stoor as ‘n PDF dokument of ‘n skermskoot van elke bladsy neem. Stoor of berg dit in ‘n elektroniese vouer alvorens jy voortgaan na die volgende bladsy. Nadat jy die voltooide kommandojaarverslag aangestuur het sal jy bevestiging ontvang.

3.4 Oordjaarverslae

Alle 2018 Oord jaarverslae moet voor of op 31 Januarie 2019 gestuur word na admin@voortrekkers.org.za. Die Oordjaarverslag sal nog op die papier kopie wees.

3.5 Die Transvaal webblad

Besoek die Transvaal webblad: https://transvaal.voortrekkers.co.za vir die nuutste nuus.

Alle GGA / GGN en Gebiedskamp inligting word op drie (3) plekke gestoor naamlik onder Dokumente, Kennisgewings en Gebeurtenisse

1. Dokumente: Alle GGA / GGN / gebiedskampe se inligting (datum, naam en spesialisasies) word gestoor onder Dokumente en in die vouer gebiedsgoedgekeurde aktiwiteite.

2. Kennisgewings: Op ons tuisbladsy is die nuutste kennisgewings van elke GGA / GGN / Gebiedskamp waarin onder andere die kampbrief en inskrywingsvorm is. Kliek op die blouskrif vir die genoemde dokumentasie.

3. Gebeurtenisse: Die maandelikse kalender van elke GGA / GGN / Gebiedskamp vertoon in gebeurtenisse. Hier sien jy weereens die inhoud van elke aktiwiteit se kampbrief.

Soek jy ‘n GGA / GGN of ‘n gebiedskamp se besonderhede?

Gebruik die soek enjin op die maandelikse gebeurtenis kalender (Dis links bo op die kalender) vir volledige inligting of loer in die GGA / GGN en Gebiedskampe vouer vir ‘n kort opsomming.

Het jy geweet dat al die inligting vanaf ons Transvaal webblad en Transvaal Facebookbladsy direk na jou eie kommando en/of oord se FB (groep/bladsy), Whatsapp (individu/groep), telegram, Pinterest en / of twitter rekenings gedeel kan word? Sien die ikone onder aan elke kennisgewing op Transvaal Voortrekkers se webbladsy.

Alle GGA/GGN en gebiedskampe se besonderhede sal op die Transvaal Voortrekkers se webblad geplaas word na ontvang van ‘n foto wat die aktiwiteit die beste beskryf en die voltooiing en instuur van die Inligtingsvorm wat beskikbaar is by die volgende skakel:

https://drive.google.com/open?id=1MbF3JLO-wyXITAmvA2c16wsLXpfNdVeH (PDF)

https://drive.google.com/open?id=1LPuI5NX4EhVKRNMCoDJs0lj9s_4sHhvf (word)

3.6 Administrasie en SAS werkswinkel 2019

Daar sal nie ‘n opleidingsgeleentheid tydens die 2019 Voriesaamtrek nie. Die opleidingsdatums vir 2019 as volg:

a) 16 Februarie 2019
b) 11 Mei 2019
c) 16 November 2019

Kontak my gerus met enige behoefte vir Administrasie en SAS opleiding.

3.7 ABC puntestelsel

Tydens die afgelope hoofbestuursvergadering gehou in September 2018 is die kwessie insake die ABC punte indringend bespreek. Die aangeleentheid gaan deur die dagbestuur terugverwys word na hoofbestuur. Daar was ‘n voorstel dat dit geskrap moet word. Die voortrekkerlede sal op hoogte van hierdie saak se vordering gehou word.

4. Finansies en Terreine

(Terreine & Fondse)

4.1 Lidmaatskap 2018

2018 Lidmaatskap het afgesluit op 31 Oktober 2018. Enige ledegelde wat nie betaal was teen 31 Oktober 2018 nie sal nou slegs terugwerkend geregistreer kan word teen die bedrag van R535 per lid.

4.2 Finansiële verslae

Met die verandering van ons jaareinde na 31 Desember word alle Kommando’s en ander besture daaraan herinner dat hulle finansiële verslae vir die jaar 2018 asseblief ingedien moet word soos op die gebiedsjaarprogram aangedui (10 Januarie 2019). Indien daar hulp nodig is met die nagaan en aftekening van die finansiële verslag kontak my gerus deur ‘n epos te stuur na transvaal@voortrekkers.org.za

4.3 Versekering

Kampleiers word daaraan herinner om hulle bateregisters deur te stuur teen die sperdatum van 30 November 2018 soos bespreek in die afgelope Gebiedsbestuurvergadering. Die inligting is nodig vir die gesprek rakende die versekeringsdekking wat gehou sal word met ons huidige Versekerings maatskappy.

4.4 Lidmaatskap 2019 korting vir volwasse lede langer as 5jaar lid

Die korting van R100 per volwasse lid wat in 2018 toegepas was vir ledegelde sal eers bespreek en besluit kan word tydens die Gebiedsbestuurvergadering van Februarie 2019 na die finansiële jaar van Transvaal afgesluit is en daar bepaal is of daar enige oorskot fondse beskikbaar is wat aangewend kan word hiervoor.

5. Bemarking
(Groei)

5.1 Renosterprojek 2018

Die “Renoster red is vet pret” projek vir 2018 is nou afgehandel. Baie dankie aan elke kind en volwassene wat met oorgawe geld ingesamel het. 36 van Transvaal se kommandos het deelgeneem en ‘n fenominale R100,840-83 is ingesamel vir Care for Wild – meeste hiervan as kleingeld!! Hou sosiale media dop vir die opwindende oorhandiging seremonie wat op video en met baie foto’s vasgelê sal word.

Hiermee ons wen kommando’s en wen spanne

a) Kommando’s

Eerste: Rietvallei (R15,340.00)

Tweede: Unika (R12,132.29)

Derde: Suiderkruis (R10,935.45)

b) Spanne

Eerste: Rietvallei se Tinktinkies (R4,784.10)

Tweede: Unika se Otters (R3,586.95)

Derde: Vryheidsmonument se Springbokke (R2,304.00)

Weereens baie geluk aan hierdie wen kommando’s en spanne. Die spanne gaan onderskeidelik of besoek aflê by Care for Wild of gaan ‘n geborgde spankamp hê in Marakele of by Warthog Inn Avontuurkamp!! Ons hoop hierdie aansporing gaan ander spanne in 2019 aanmoedig om nog met meer oorgawe ‘n barshou te slaan met fondsinsameling vir die renosters!

5.2 Bemarkings kompetisie

Die bemarkings kompetisies wat vroeg in 2018 geloods was, het nie baie aftrek gekry nie. Daar is besluit om die kompetisie te verleng tot 31 Desember 2018. Ons glo dat spanne se offisiere nie nou nodig gaan hê om iets te “beplan en produseer” nie, maar dat daar in die jaar se argiewe videos is wat geneem is tydens kampe en funksies. Daar behoort sekerlik genoegsame materiaal te wees is om ‘n 2-3 minute video in te stuur.

Die vier (4) temas is:

a) Kampvuurkonsert van ‘n Afrikaner held - PD’s tot Gr 3.
b) Afrikaanse/Voortrekker liedjie - Senior PD’s: Kampvuurkonsert/Sang item.
c) ‘n Interessante video van ‘n KAN aktiwiteit - (Kultuur/Avontuur/Natuur) – Verkenners.
d) ‘n Interessante “Hoe om” video - Offisiere

Stuur videos asb na riaandupreez360@gmail.com of whatsapp na 076 412 8811.

Wenners gaan pryse ontvang soos gedeeltelike subsidies van gebiedskampe of spankampe by bv. Warthog Inn Avontuurkamp of Marakele.

5.3 Korporatiewe Identiteit

Die Hoofbestuur het die finale aanvullende korporatiewe identiteit en nuwe gebiedswapens goedgekeur. Die aanvullende Korporatiewe identiteit dokument asook verskeidenheid van template is beskikbaar op die webblad onder https://voortrekkers.co.za/biblioteek/

Alle kommando- of Adjunkoordleiers (AOL) vir bemarking word gevra om kennis te neem van die dokument en om stelselmatig te begin om die veranderinge te implementeer in alle nuwe bemarkings materiaal.

5.4 Gebiedskomitee Bemarking

Nuwe lede moet gewerf word om die komitee uit te brei. Slegs twee (2) oorde het persone op die komitee. Daar moet gepoog word om ten minste een (1) persoon per oord op die komitee te hê. Daar was reeds drie vrywillige aansoeke en hierdie name sal aan die oordleiers deurgegee word vir formele bevestiging.

Daar word ‘n oproep gedoen op persone met spesifieke passie en talente vir bemarking, veral in areas soos video- en fotografie, ontwerp van advertensies of bemarkings materiaal, joernalistiek of taalkundige versorging van artikels, gemaklike aanbiedingsvaardighede – veral in ‘n “ateljee” opset, projekbestuur, sang en spel-leiding ens.

Verskeie “taakspanne” gaan in hierdie areas gevorm word om oorde of kommando’s by te staan met hul bemarking, asook om opwindende bemarkings en sosiale media materiaal te ontwikkel wat Die Voortrekkers veral rondom ons opwindende KAN aksies en kampe te bemark.

Ons gaan lekker hard werk en mekaar verantwoordbaar hou, maar dit gaan pret wees en ons gaan ons uiterste bes doen om al die groei doelwitte van die beweging te bereik! Fisiese vergaderings (met lang afstande afgelê) gaan ook beperk word, deur gebruik te maak van nuwe tegnologie en aanlyn vergaderings in die gemak van jou huis.

5.5 Omgee en Gemeenskapsprojekte 2019

Tydens die Renosterprojek van 2018 het verskeie spanne onder andere die Kruger Nasionale Park die spesialis bewaarders en spoorsny honde-eenheid besoek. Die bestuurders van hierdie eenhede was uiters opgewonde oor Die Voortrekkers se betrokkenheid by renosterbewaring en het versoeke gerig of daar belangstelling sou wees om by ander aspekte van die teenstropingsaksies betrokke te raak. Twee moontlike addisionele Projekte wat ondersoek word is:

a) Ondersteuningspakkies vir die teenstropings bewaarders.
b) Ondersteuningspakkies vir die spoorsny en aanvals honde.

Kommando’s en spanne sal dus kan kies watter projek hul wil ondersteun.

Daar is egter ook ander projekte wat voorgestel en bespreek word bv. ‘n Gebiedswye “Doppie en broodknippie” insamelings projek om rolstoele vir behoeftige verlamde persone te borg, asook ‘n “Sang en Liedjie” projek.

Meer inligting oor al hierdie Projekte sal tydens Voriesaamtrek, 11 tot 13 Januarie 2019 gegee word!

6. Penkop en drawwertjie sake

(Leer speel-speel)



Baie dankie vir elke offisier se harde werk deur die jaar met hulle spanne. Geniet die feestyd saam met familie en vriende.

6.1 Gebiedskampe

Gaan kyk na al die nuwe inligting en datums vir die Gebiedskampe op die Transvaal webblad vir julle beplanning.

6.2 Taakspanne

Baie dankie vir elke taakspan-lid wat deur die jaar sy verantwoordelikheid nagekom het om die taakgroepe ‘n positiewe bydrae te laat maak as deel van die PD-groep.

6.3 GGA/GGN

Vir julle beplanning is die nuwe inligting van die GGA/GGN op die Transvaal webblad gelaai. Dit is hier waar die kind spesialisasie interessant aangebied kan kry.

6.4 Nuwe PD-offisiere

Welkom aan elke nuwe PD-offisier vir 2019 wat reeds ingeskakel is by kommando’s, hoop ons sien julle almal by die Voriesaamtrek in Januarie 2019.

6.5 Voorslag – Gr 7

Die kamp vind plaas 6 tot 8 September 2019 te Hartbeesfontein. Sodra die nuwe prospektus beskikbaar is sal daar ‘n kennisgewing uitgestuur word.

Die liedjies is reeds beskikbaar en is ons reeds besig om ‘n CD te laat opneem – ons sal laat weet wanneer dit beskikbaar sal wees.

6.6 Penkop en Drawwertjie inligting

Enige navrae rakende PD-sake moet asb gerig word aan transvaal@voortrekkers.org.za die kantoor sal die navrae na die korrekte persone kanaliseer.

7. Staatmakers
(Apart maar Saam)

7.1 Nuwe staatmaker groepbesture

Baie geluk aan die nuwe groepbesture van die volgende staatmakergroepe:

Mooirivier Staatmakers
Groepleier: Koos Muller
Adjunk-groepleier: Elmarie van der Merwe
Adjunk-groepleier: Herman Erasmus

Overberg Staatmakers
Groepleier: Clarissa Botha
Adjunk-groepleier: Annie Mare

Jakaranda Staatmakers
Groepleier: Willem Fourie
Adjunk-groepleier: Tanri de Witt
Adjunk-groepleier: Albertien van Heerden

Sweepslag Staatmakers
Groepleier: Johann Combrinck
Adjunk-groepleier: MJ Gouws
Adjunk-groepleier: GJ van Beek

Touleier Staatmakers
Groepleier: Louis Lombaard
Adjunk-groepleier: Werner Beineke

7.2 Staatmaker ondersoek

Taakspan: Staatmakers is nou saamgestel en na afloop van die eerste vergadering is die volgende fokuspunte geïdentifiseer: Identiteit, Ontwikkeling, Funksionering en Beperkings.

Daar is begin met die ondersoek na fokusarea 1 (identiteit). Dit behels die definiëring van Staatmakeridentiteit asook die wedersydse verwagtinge tussen staatmakers en Die Voortrekkers. Die insette van staatmakers en ander belanghebbendes sal nou ingewin word deur middel van vraelyste vir verdere oorweging deur die taakspan.

7.3 Transvaal Staatmakers Afskop 2019

Die gebiedstaatmakerraad nooi alle huidige en toekomstige staatmakers uit om 2019 saam met ons af te skop. Knoop solank 16 Februarie 2019 vas. Meer besonderhede volg binnekort.

8. Volwasse sake
(Oplei en toerus)

"Dames en here, indien die druk in die kajuit sou verander, sal 'n suurstofmasker uit die oorhoofse kompartement neergelaat word. Plaas asseblief die suurstofmasker eerstens op uself voordat u hulp verleen aan klein kindertjies of ander persone wat bystand benodig."

~ Veiligheidsaankondiging op vli

egtuig

Hierdie woorde is deesdae slegs in Engels bekend, maar dit bevat nogtans 'n baie kragtige geestelike waarheid. In die boek "Een maand om te leef" sê die skrywers dat as mense die beste wil maak van hulle tyd op aarde, met 'n lewe sonder spyt, moet hulle voluit by mense betrokke wees. Die enigste manier om werklik 'n verskil in ander se lewens te maak is egter om tyd te gebruik om op jouself te fokus. As jy nie geestelik, fisies, emosioneel en sosiaal fiks en gesond is nie, hoe kan jy buite jouself beweeg en in ons jeug belê? Maak seker jy het suurstof voor jy ander probeer help. In 2019 gaan Volwasse Sake daarop fokus om seker te maak ons grootmense weet hoe om ons suurstofmaskers te gebruik (of ten minste waar om dit te kry!)

Geniet hierdie feestyd saam met God, saam jou vriende, jou geliefdes en jouself. Vind jou suurstofmasker, maak seker dit werk en dat jy weet hoe om dit te gebruik.

Onthou Vorie Saamtrek 2019 (11 tot 13 Januarie 2019) waar ons gaan saampraat oor dinge – oor dinge wat ons wil hoor, en dinge wat ons nie wil hoor nie – gebruik ons die regte suurstof maskers of het ons soms gasmaskers aan? #PraatSaam. Onthou asb om in te skryf (en te betaal voor einde November 2018) om te kwalifiseer vir die R50 afslag.

Nou Hou Koers dan tot ons weer ontmoet.

Mag jul Somerkersfees 'n ware Christus-fees wees.

Reis veilig en rus heerlik uit.

Voortrekkergroete

Zandra Machin – Gebiedsleier (082 923 5611 – zandra@voortrekkers.org.za)
Elsa Schnetler – AGL Administrasie (082 707 2010 – elsies1@afrihost.co.za / admin@voortrekkers.org.za)
Anita Bezuidenhout – AGL Finansies en Terreine (082 451 1549 – anita.bezuidenhout@vodamail.co.za)
Riaan du Preez – AGL Bemarking (076 412 8811 - riaandupreez360@gmail.com)
Anine Wheeler – AGL Penkoppe en Drawwertjies (082 459 7157 – anine.wheeler@sabs.co.za)
Jaco van der Walt – AGL Verkenners (072 312 7722 –jaco.vn.dr.walt@gmail.com)
Dirk van den Berg – AGL Volwassesake (082 418 9467 – dirk@helpendehand.co.za)